


FREDERIK EN HESTER DE BEER



**VAN
WITFONTEIN**

929.2 DE BEER

buiteblad, foto's en fotoverwerkings deur
Jan de Beer


**Huldeblyk aan Moeder
op haar**

**NEGENTIGSTE
verjaarsdag**


'n geslagsregister saamgestel deur

G C DE BEER

Wie sal 'n deugsame vrou vind?
want haar waarde is ver meer as korale
Spreuke 31 : 10



90 jaar oud



Gelukwensings van heinde en ver



Frederik en Hester de Beer
5 Junie 1907

Vyf geslagte



HESTER met haar dogter ANNA ADENDORFF (gebore De Beer) met haar seun CHRISTO met sy dogter MAGDA BRITS (gebore Adendorff) met haar seuntjie JAQUES.

Inleiding

Op die geseënde ouderdom van negentig jaar bestaan Hester Susanna de Beer se nakomelinge uit 12 kinders, 32 kleinkinders, 48 agterkleinkinders en een agter-agterkleinkind. Hierdie werkie is 'n blyk van die hoë agting wat ons vir haar het en van ons waardering vir wat sy vir ons beteken het deur die jare - 'n manier van dankie sê aan 'n toegewyde, sorgsame en liefdevolle moeder, ouma en oumagrootjie.

Eers word enkele gebeure uit die lewens van Frederik en Hester de Beer vertel en daarna volg 'n geslagsregister van hulle nasate. Laastens word die De Beer-voorouers tot by die stamvader aangegee.

Die opsteller van 'n geslagsboom kom voor talle probleme te staan. Een daarvan is die skryfwyse van name. Soms is tot drie spellings vir dieselfde naam teëgekom, bv. Guiliam, Gilieam en Gieliam of Matthys naas Mathys. Ondervinding het geleer dat mense besonder gesteld is op die wyse wat hulle hul name spel, derhalwe is daar nie na eenvormigheid in dié opsig gestrewe nie en sal die verskillende spelvorme opval.

Hoewel baie moeite gedoen is om te verseker dat die register volledig en korrek is, word by voorbaat verskoning gevra vir moontlike foute wat dalk tog iewers ingesluip het.

Die geslagsregister is nie streng volgens genealogiese beginsels opgestel nie - dis doelbewus gedoen. 'n Volledige persoonsregister kon weens gebrek aan ruimte nie in-

gesluit word nie - daaroor is ek jammer.

In ons dae stel weinig mense nog belang in familie uitlê, daarom word vertrou dat hierdie geslagsregister byval sal vind en dat dit vir toekomstige geslagte bewaar sal word.

My opregte dank aan almal wat gehelp het om hierdie boekie die lig te laat sien.

G.C. de Beer

Roodepoort
20 Januarie 1978

Inhoud

Brandvlei	9
Skatkis van Herinnerings	11
Kinderjare	12
Anglo-Boereoorlog	14
Troue	15
Frederik Coenraad de Beer	17
Witfontein	21
Kwartierstaat van Frederik en Hester de Beer se kinders	24
Geslagsregister	27
Ons De Beer-voorouers:	
Mathys en Anna de Beer van Wit- fontein	41
Matthys en Maria de Beer van Garsfontein	43
Frederik en Johanna de Beer die Voortrekker geslag	44
Frederik en Maria de Beer van Stellenbosch	45
Matthys en Maria de Beer van Kaapstad	46
Matthys en Hilletje de Beer ons stamouers	47
Beknopte Persoonsregister	49
Bronnelys	50

Hester se Moeder en van haar Kinders



**Agter: Hannes, Sannie, Betta, Nellie en Sarel
Voor: Annie, ELIZABETH v. d. BERG, Nettie**


Brandvlei

Hester Susanna van den Berg is op 16 Februarie 1887 op Brandvlei, naby Randfontein, gebore. Haar vader en moeder het albei ook op dié plaas grootgeword, want hulle ouers was die pioniers wat Brandvlei aangelê het.

Sarel Francois du Toit, 'n Voortrekker uit Swellendam se omgewing, het hom na die oorwinning by Bloedrivier in Natal gevestig. Toe die Britte die Voortrekker-republiek Natalia geannekseer het, het hy Transvaal toe getrek en in 1850 die plaas Brandvlei aangelê. In 1860 het Coenraad Jacobus van den Berg vanuit die Oranje-Vrystaat op Brandvlei aangekom. Aangesien die plaas te groot vir Sarel was om te bewerk, het hy die helfte van sy grond aan Van den Berg afgestaan. Sarel du Toit se dogter Elizabeth is met Coenraad van den Berg se seun Johannes getroud, en hulle was Hester se ouers.

Hester was die tweede jongste dogter uit 'n gesin van nege dogters en twee seuns. Van haar susters en haar oudste broer het ook 'n besonder hoë ouderdom bereik, nl. Alida 94, Sarel 91, Gesiena 85, Sannie 85, Cornelia 81 en Elizabeth 80 jaar.

Hester se grootvader en grootmoeder Du Toit is onderskeidelik op 87 en 89 jaar oorlede, en haar grootmoeder Van den Berg op 88 jaar. Haar moeder is op 82-jarige leeftyd oorlede.



Die Van den Berg-begraafplaas op Brandvlei waar Hester
se ouers, grootouers en oorgrootouers VAN DEN BERG
begrawe lê.

Skatkis van Herinnerings

Vrydagaand, 25 Februarie 1887. By die uitspanning voor die kerk op Potchefstroom staan die tentwaens sy aan sy. Sondag word Nagmaal gevier en daarna volg die doopdiens. Onder die waens is dié van Johannes en Elizabeth van den Berg van Brandvlei. Hulle het vir klein Hester gebring om gedoop te word.

In die doopregister is Hester se naam foutief aangeteken as Esther.

Douvoordag Maandag is die waens ingespan en het die Nagmaalgangers een na die ander vertrek, terug na hulle plase toe.

Maar kom ons laat Hester self haar skatkis van herinnerings - soos sy dit noem - uitpak.

Kinderjare

„Ek is op die ou familieplaas Brandvlei gebore en het daar grootgeword. In die sinkgeboutjie langs die pad het meester Piet Botha ons geleer lees en skryf. Sommige van die versies wat ons geleer het, kan ek nog onthou -

Nimmer moet ik ledig wezen,
Alles doen met lust en vlijt -
Bidden, leren, schrijven, lezen,
Spelen, werken heeft zijn tijd.
Vader kan het ook niet velen
Dat de tijd verwaarloost gaan,
Lui zijn, zegt hij, is tijd stelen,
En ons leven is zo kort.*

en die gebedjie:

Ik ga rusten ik ben moe
Sluit Gij mijne oogjes toe
Here, houd ook deze nacht
Weder over mij de wacht.

Bese dat ik heb gedaan
Sie het Here toch niet aan
Skoon mijn sonde vele zijn
Maak om Jesus wil my rein.*

Speeltye het ons klip-klip gespeel; soms het ons saam met die seuns ellierous gespeel. Smid-dae het ek en my susters in die huis gewerk en gehelp koskook. As daar beskuit of brood gebak moes word, het ons baie vroeg opgestaan om vuur te maak en te knie. Nadat ons die groot skottel deeg geknie het, het ons die vuur gestook en as die deeg gerys en die oond witwarm was, is die brood of beskuit ingesteek. Die oonddeur is met klei toegesmeer en na anderhalfuur was die bak-sel gaar.

* Versies weergegee soos Hester dit in haar eie handskrif opgeteken het.

Ons dogters is ook met die naald geleer werk. Voordat jy nie netjies met die hand kon werk nie, mag jy nie jou hand aan die naaimasjien sit nie. Moeder was streng, en as sy gereken het jy brou, word die werk eenvoudig losgetrek en jy moet dit maar mooitjies weer oordoen.

Die vloere van die huis is twee maal per week met mis gesmeer. Party vertrekke het papiervloere gehad, en by die drumpels was dit met vrugtepitte versterk om nie uit te trap nie.

Die mure van die huis is gereeld een keer per jaar afgewit. Hiervoor het ons wit en geel klei by die waterval uitgehaal, dit met water gemeng en met 'n stuk skaapvel aan die mure gesmeer.

Ons het ook op die lande gehelp met die skoffel- en plantwerk. Wanneer die koring gesny is, het ons die gerwe aangedra na die miedens toe. As die dorsmasjien die dag kom dors het, was ons kinders nie bietjie opgewonde nie. Na die dorserij het Vader die koring met die wa en osse na Hartley se meule en winkel op Magaliesburg geneem waar dit verruil is vir koffie, suiker en ander benodighede vir die huis.

Saans na ete het Vader die Bybel uitgehaal en dan is daar om die tafel huisgodsdiens gehou. Die bediendes wat nog op die werf was, het ingekom en op die vloer gesit en luister terwyl daar uit die Bybel gelees is.

En as slapenstyd nader en iemand in die huis voel siekerig, het Moeder die sieke 'n dosis medisynegedee. Vir hoes of maagpyn was dit

'n mengsel rou lynolie, soetolie, lampolie, en terpentyn."

Anglo-Boereoorlog

Gedurende die Driejarige Oorlog is ons na die konsentrasiekamp geneem.

Die Sondag het al die plaasmense soos gewoonlik by oupa Sarel du Toit se huis bymekaargekom om godsdienst te hou. Na die diens is ons terug huis toe en toe ons op die werf aankom, toe wemel dit van die Kakies. Hulle sê hulle het opdrag om ons na die kamp te neem en ons kon slegs die allernodigste goed saamneem. In die bloedige warm son van Januariemaand is ons met wa en osse na Randfonteinstasie geneem en daar moes ons in oop trokke klim om per trein na die Resieskoerskamp in Johannesburg gebring te word. Ouma Du Toit was reeds hoogs bejaard en kon die gebeure maar nie begryp nie, met die gevolg dat sy telkens van die wa probeer afklim het om terug te gaan plaas toe. Sy is in die kamp oorlede.

KENNISGEVING.

HIERMEDE word bekend gemaakt dat, tenzy de mannen tegenwoordig op Commando woonachtig te Krugersdorp of Distrikt, zich overgeven en hunne wapenen overhandigen aan de Imperiale Autoriteiten op of voor 20 Juli, a.s., hun geheele eigendom geconfisceerd zal worden en hunne families zullen uit hunne huizen gedreven worden hulpeloos en zonder huisvesting.

Op last,

G. H. M. RITCHIE,

Kapt. K Horse,

Dist. Supt. Pelice.

Krugersdorp, 9 Juli, 1900.

Ek was elf jaar oud toe die oorlog uitgebreek het, en as kind was dit vir my ook 'n baie swaar tyd. My vader was sieklik en kon nie werk nie; hy het aan asma gely. Toe ons geld opgeraak het, moes ons gaan werk. My susters en ek het gewas en gestryk vir die onderwyseresse wat in die kamp skoolgehou het. Die loon was een sjieling en ses pennies vir 'n dosyn wasgoed wat nie gestywe is nie en twee sjielings vir 'n dosyn gestyfde wasgoed.

Ons het baie honger gely in die kamp. Die meel wat ons gekry het om brood mee te bak, was galbitter. Wanneer ons te honger is dan neem ons 'n bietjie suiker om die brood mee af te sluk. Ons het ver geloop om rantsoene te kry en moes lank toustaan daarvoor.

In die kamp is daar elke dag begrafnis gehou. Die kissies is opmekaargepak en ons het te voet agter die lykswa - 'n wa en muile - na die begraafplaas gestap.

Dit was 'n blye maar ook 'n treurige dag toe die mans begin terugkom het van die oorlog af. Sommige mans wat na hulle families kom soek het, moes verneem dat hulle vrouens of van hulle kinders dood en begrawe is.

Na die vrede gesluit is, het die Engelse ons met muilewaens teruggeneem plaas toe. Baie moedeleos moes ons op die vernielde en verwaarloosde plaas met sy afgebrande woning weer 'n begin maak."

Troue

"Vyf jaar na die oorlog is ek met Frederik de Beer van Witfontein getroud. Hoe dit gebeur het dat ons mekaar as lewensmaats geneem het?

Frederik se oudste broer het by ons op Brandvlei geloseer terwyl hy deur ou meester Piet Botha gekatkiseer is. Vrydagmiddae het die katkisante vir die naweek huis toe gegaan en dan het Frederik sy broer met die kar en perde kom haal - en dis hoe ons belangstelling in mekaar begin het.

Met die Nagmaalsviering op Krugersdorp in April 1907 het Frederik en ek onder troue gestaan, d.w.s. die jawoord was gegee, en daarna het ek aan die werk gespring en my trourok gemaak.

Op Dinsdag 5 Junie 1907 is ek en Frederik getroud - eers voor die magistraat en daarna in die kerk. Ons is met kar en perde na die kerk op Krugersdorp geneem van Brandvlei af, vergesel van 'n aantal perdekarre waarmee die familie en ander gaste gereis het.

Na die troue is ons terug plaas toe - 'n perderuiter met 'n blou-en-witvlag omhoog het voor die optog gery. 'n Paar honderd tree van die plaashuis af is ons ingewag deur 'n groep perderuiters wat ons na die huis begelei het.

Onder 'n ereboog van wilgertakke kwistig met veldblomme versier deur het ons die huis binnegestap en ons plek onder 'n lowerkrans ingeneem waar ons gelukgewens is. Daarna het al die gaste gesmul aan die lekker boeregeregte wat voorgesit is.

Moet ek meer van Frederik vertel? Nou goed, ek sal vertel wat ek van hom en van die De Beers weet."

Frederik Coenraad de Beer

„Frederik se ouers, Mathys en Anna de Beer, het op Witfontein - sowat vyf myl van Brandvlei af - gewoon. Anna se vader, Pieter Oosthuizen, het in 1860 op Witfontein kom bly nadat hy uit Ladismith in die Kaapkolonie na die Transvaal getrek het.

Mathys se ouers het op Garsfontein buite Pretoria gewoon. DEBEERSRUS, naby Menlo Park, is aangelê op 'n gedeelte van die plaas wat aan Matthys en Maria de Beer van Garsfontein behoort het. Maria se ouers, Guillian en Johanna Vermeulen, het op die aangrensende plaas Hartebeestpoort gewoon. Die opstal op hierdie plaas het bewaar gebly en is vandag 'n nasionale gedenkwaardigheid bekend as die Pioniers-opelugmuseum in Silverton.”



Die pioniershuis

„Frederik Coenraad de Beer is op 10 November 1886 op Witfontein gebore. Hy en ek is tydens dieselfde doopdiens op Potchefstroom gedoop.

Frederik se naam is in die doopregister foutief aangeteken as Coenraad Frederik.

Vir die opvoeding van die kinders het die mense op Witfontein saamgespan en 'n onderwyser, 'n Hollander - ene Vaandrager - gehuur om onderrig aan die kinders te gee. Hy was 'n streng man en het die kinders, veral die seuns, dikwels pak gegee.

Een Saterdagmiddag het meneer Vaandrager weer die elmboog gelig en toe onder 'n boom op die plaas aan die slaap geraak. Frederik, wat net die vorige dag weer deurgeloop het, het sy kans gesien om wraak te neem, en met 'n karwats in die hand het hy op die Hollander afgeloop en hom goed uitgelooi. Daarna

het hy op sy perd gespring en die veld in ge-
jaag waar hy die res van die dag deurgebring
het. Toe Frederik die aand huis toe gekom het,
het hy 'n goeie loesing van sy vader gekry.

Maandag by die skool was Frederik 'n held on-
der die kinders, terwyl meneer Vaandrager
heelwat knorriger as gewoonlik was. Met onder-
drukte laggies het die kinders agter Meester
aangesê:

Ik leg mij om te slapen neder
Goede God die altijd waak
Wil mij in U guns bewaren
Als het kwade mij genaak

Gedurende die Tweede Vryheidsoorlog is Annie
de Beer en haar kinders na die konsentrasie-
kamp op Krugersdorp geneem. Die veertienjarige
Frederik en sy ouer broer Pieter het van die
kampowerheid verlof gekry om van hulle besit-
tings van Witfontein na Krugersdorp aan te ry
waar dit geberg is.

In die kamp het Frederik gehelp om water van
die fontein in die vlei na die kamphospitaal
te bring. Vir tydverdryf het hy en die ander
seuns in die kamp albaster gespeel.

Vyf jaar na die oorlog is Frederik en ek ge-
troud. Waar ons toe gaan bly het? Op Witfon-
tein."

Witfontein

„Na ons troue het Frederik en ek op Witfontein gaan woon. Om ons op die been te help, het Skoonvader al die lande aan Frederik gegee om te bewerk. Die ertappels het net pragtig groen gestaan toe kom die sprinkane en vreet alles op - selfs die bome was sonder blare nadat die swerm verby getrek het.

Al ons kinders is op Witfontein gebore. Na die Rebelle het dit moeilik met ons gegaan as gevolg van hael, sprinkane en droogte. Frederik het toe op die myn by Robinson gaan werk. Na 'n tyd het dit beter gegaan en kon hy sy werk by die goudsmelterij laat vaar en terugkeer Witfontein toe om die boerdery voort te sit.

Tydens die Rebelle is Frederik opgekommandeer. Onder genl. Piet de la Rey het hulle deur die Vrystaat gery maar nooit enige rebelle teëgekomm nie. Ongeveer 'n maand later was hy weer terug by die huis.

Ons kinders het op Doornfontein skoolgegaan. Die ouer kinders het met 'n donkiekar na Rodoraskool gery. Toe die jongeres skool toe is, was daar al 'n motorbus waarmee hulle na die skool aangery is.

In 1942 het Frederik 'n deel van Witfontein verkoop en toe het ons op Kraalfontein gaan woon. Teen dié tyd was omtrent al die kinders al uit die huis. Ons het sowat ses jaar op Kraalfontein gebly en toe besluit om maar op die dorp te gaan woon sodat ons naby ons kinders kon wees.

Frederik het op Roodepoort 'n huis gekoop, en toe het ons begin om die plaas op te ruim. Die

plaasgereedskap, vee en alles wat nie dorp toe
geneem kon word nie, is verkoop. Laastens ook
die kapkar en die twee spogperde, Kolbooi en
Charlie.

Uitsfonten
29. Junie 1948

Huur koop Kontrak.

aan gegaan tussen J. B. de Beer en
J. M. Duvenhage twee bruin perde en tuig
vir die son van drie en dertig poere
op afbetaling van die eerste twee
maande, twee pond per maand en dan
na vyf pond en die volgende maand
twee pond en dan na een maand
vijs pond en volgende vyf pond tot dat dit k
betaald is al brog 6 heeste was
mag verwyder word van die plaas
alhoewel die bedrag betaald is nie

Adus gedaan en geskied
op 29 Junie 1948.

vir J. B. de Beer
J. M. Duvenhage

Verkoopbrief in Frederik se handskrif.

Op Roodepoort het ons gou 'n vriendekring gehad.
Gedurende die laaste jare van sy lewe het Fre-
derik en sy maat, oom Vorster, gereeld Sondae
vir die Bantoes op die omliggende kleinhoewes
kerk gehou op aanmoediging van ds. Ziervogel wat
toe predikant op die dorp was.

Op 30 Junie 1954 is Frederik na 'n siekbed oor-
lede. Hy is in die nuwe begraafplaas op Roode-
poort begrawe.

Roodepoort.

3 Julie 1954.

Dit het die Here van Lewe en
Dood bevaag om van ons weg
te neem, my geliefde Eggenoot;
ons Vader en grootvader,
Frederik Boersaad deBeet, in die
ouderdom van 67 jaar 7 maande,
na 'n smartelike lyding van
3 jaar. Ons wil swyg, en saam
met Job. sê; Die Here het gegee,
Die Here het geneem, die Here van
die Here sy geloof.

Naamens die betroefde Eggenote,
Kinders en Kleinkinders.
Heester deBeet.

Die draers is die volgende.

(Prof.) M. J. deBeet.	(Kerk.) J. deBeet.
J. Kr. deBeet.	J. Adendorff.
S. F. deBeet.	H. Meyer.
P. C. deBeet.	E. Swart.
G. C. deBeet.	R. Wagenaar.
G. J. deBeet.	J. Marais.

Begrafnisbrief in Hannes se handskrif.

Na Frederik se dood het ek 'n aantal jare by
Sarel en Gertie in Horison gewoon en ook vir
'n kort rukkie by Giel en Martha. Die afgelope
tien jaar bly ek by Roelf en Alie Wagenaar in
Mayfair-Wes".

DE BEER, Frederik Coenraad
gedoop 20. 10. 1792
oorl. ong. 1860, Hartebeestpoort
getroud met

VAN DEN BERG, Johanna Catharina Sophia
gedoop 6. 10. 1793
oorl. 24. 12. 1842, Transoranje

getroud met

VERMEULEN, Guiliam Christoffel
gedoop 5. 11. 1788
begr. Hartebeestpoort
getroud met

WOLFAART, Johanna
begr. Hartebeestpoort

DE BEER, Matthys Johannes
geb. 11. 6. 1820
oorl. 21. 4. 1879, Garsfontein

VERMEULEN, Maria Adriana
geb. 31. 1. 1825
oorl. 21. 10. 1901, Garsfontein

OOSTHUIZEN, Johannes Willem
gedoop 3. 10. 1802

getroud met

VAN TONDER, Johanna
gedoop 29. 3. 1801

VAN TONDER, Johannes Willem
gedoop 1. 11. 1794

getroud met

JOUBERT, Magdalena Johanna

OOSTHUIZEN, Pieter Cornelis
geb. 15. 10. 1832
begr. Witfontein

getroud met

VAN TONDER, Johanna
geb. 22. 1. 1834
begr. Witfontein

VAN DEN BERG, Johannes Petrus Louis
geb. 6. 3. 1800

oorl. 20. 4. 1868, Brandvlei

getroud met

JONKER, Cornelia Petronella
geb. 6. 1. 1803
oorl. 29. 10. 1891, Brandvlei

KOK, ?

getroud met

?

VAN DEN BERG, Coenraad Jacobus
geb. 26. 3. 1825
oorl. 24. 8. 1891, Brandvlei

getroud met

KOK, Gesiena Johanna
geb. 1. 4. 1825
oorl. 7. 10. 1894, Brandvlei

DU TOIT, Andries Stephanus
gedoop 13. 2. 1785

getroud met

NAUDE, Anna Susanna

DU TOIT, Sarel Francois
geb. 2. 12. 1811
oorl. 19. 7. 1898, Brandvlei

getroud met

MARAIS, Alida Elizabeth
geb. 23. 12. 1812
oorl. 20. 10. 1901, Krugersdorp

MARAIS, Isak Johannes
gedoop 4. 11. 1781

getroud met

DU TOIT, Alida Elizabeth

DE BEER, Mathys Johannes

geb. 5. 8. 1848

oorl. 16. 7. 1922, Witfontein

getr.
8. 9. 1873

OOSTHUIZEN, Anna Magdalena

geb. 25. 3. 1857

oorl. 12. 3. 1935, Witfontein

DE BEER, Frederik Coenraad
geb. 10. 11. 1886, Witfontein
oorl. 30. 6. 1954, Rodepoort

getroud
5. 6. 1907
Krugersdorp

VAN DEN BERG, Hester Susanna
geb. 16. 2. 1887, Brandvlei

DU TOIT, Elizabeth Catharina

geb. 22. 9. 1848

getroud
oorl. 4. 1. 1930, Brandvlei

Mathys Johannes, geb. 16 - 4 - 1908
Elizabeth Catharina, : 22 - 7 - 1909
Johannes Petrus Louis, : 20 - 4 - 1911
Anna Magdalena, : 3 - 9 - 1913
Hester Susanna, : 14 - 6 - 1915
Frederik Coenraad, : 7 - 11 - 1919
Witfontein

Sarel Francois, geb. 11 - 12 - 1921
Johanna, : 26 - 8 - 1923
Pieter Cornelius, : 11 - 9 - 1925
Alida Elizabeth, : 5 - 9 - 1927
Gieliam Christoffel, : 17 - 6 - 1929
Coenraad Jacobus, : 26 - 5 - 1932
Witfontein



Frederik en Hester de Beer

Geslagsregister

g7 FREDERIK COENRAAD DE BEER, gebore 10.11.1886,
oorlede 30.6.1954; getroud 5.6.1907 met
HESTER SUSANNA VAN DEN BERG, geb. 16. 2.1887

h1 Mathys Johannes * 16.4.1908; x 2.5.1935
Anna Cecilia Maré * 17.12.1905 + 7.6.1977,
dogter van Gabriel Stephan Maré * 6.11.1881
en Anna Cecilia Sharp * 21.12.1879



Mathys, Anna en Cecilia

i1 Anna Cecilia * 12.2.1937; x 23.3.1968
Robert Nunan * 26.8.1928, seun van Ro-
nald Manning Nunan en Jacomina Hendrina
Blake

1 Sean Matthew * 27.12.1968
2 Wayne Ronald * 29.8.1970

g7 beteken sewende geslag, sewende kind
* " gebore
x " getroud
+ " oorlede

h2 Elizabeth Catharina * 22.7.1909; x
 27.8.1938 Heyns Meyer * 15.8.1912, seun
 van Anthon Michael Meyer + 30.6.1940 en
 Emmerencia Magdalena Maria Erwee +
 5.1.1973 in die ouderdom van 95 jaar



Heyns en Bettie

1 Anthon Michael * 25.12.1939; x 19.8.1960
 Amelia Fronika Millard * 22.7.1942

Anthon Michael Erwee	* 13. 5.1961
Martinus Johannes	* 11. 5.1962
Francois Charl	* 26. 6.1964
Amelia	* 7. 1.1968
Amanda	* 1. 9.1975


2 Elizabeth * 25.12.1945; x Pieter Johan-
 nes Slabbert; xx 6.6.1967 Dieter Wilhelm
 August Ripke * 18.7.1939

Elizabeth Lynne	* 14.12.1964
Heide Helene	* 8. 1.1969
Erica	* 28. 5.1970
Dieter	* 13. 9.1971

3 Frederik Coenraad * 2.10.1952; x Elea-
 nor Moll * 24.10.1952

Heyns	* 23. 9.1972
Llewelyn	* 28. 7.1975

h3 Johannes Petrus Louis * 20.4.1911 +
16.1.1973; x 24.9.1938 Elizabeth Lou-
retha James, dogter van William James
en Elizabeth Louretha Smith



Hannes, Lourie en Louret

i1 Louretha Elizabeth * 1.1.1942; x
2.4.1966 Gysbert Joubert * 4.12.1940

1 Johannes Gysbertus * 8.5.1968
2 Louretha Elizabeth * 6.8.1971

i2 Stella * 15.3.1952; x 6.7.1974 Theu-
nis Snyman * 30.9.1946

h4 Anna Magdalena * 3.9.1913; x 4.4.1933
 Johan Christoffel Adendorff * 2.11.1907,
 seun van Samuel Christoffel Adendorff *
 4.11.1880 en Elizabeth Helena Linde-
 que * 17.12.1882



Johan en Anna

1 Samuel Christoffel * 26.3.1934; x
 6.11.1954 Maria Magdalena Schoeman *
 31.12.1935

Magdalena Martina * 3.4.1956; x
 27.9.1975 Christo Brits * 14.11.1953

Jaques * 6.8.1977

Anette * 24.9.1958

Ursula * 19.4.1963

Réne * 4.7.1965

Rónel * 4.7.1965

2 Hester Susanna * 29.2.1936; x 4.11.1955
 Domenico Francisco Branca * 11.4.1919

Enrico Pietro * 1.4.1959

Gino Giovanni * 20.8.1960

Yolanda Marina * 24.4.1967

3 Johan Christoffel * 16.4.1939; x
 18.7.1959 Lynette Dawn Milella *
 4.9.1940

Johan Christoffel * 26. 6.1961
 Merlynne Jean * 19. 7.1963
 Natasha * 10.11.1966
 Carl Frederick * 22.12.1967

4 Elizabeth Helena * 31.5.1941; x
 Marthinus Johannes Pretorius *
 20.6.1934

Johan Mathys * 17. 7.1960
 Juanita Anina * 12.10.1962
 Isobella Judith * 1. 1.1968
 Leana * 19. 9.1969

5 Frederik Coenraad * 2.11.1943; x
 Petronella Hester van der Walt *
 12.9.1946

Leon Johan Christoffel *
 16. 4.1965
 Louis Conrad Eloff * 2. 4.1966

6 Anna Magdalena * 17.2.1945; x Hen-
 drik Johannes van den Berg *
 27.6.1943, + 13.10.1969; xx 31.12.1969
 Clive George Lippiat * 15.3.1935

Sonja * 1.10.1962
 Willem Hendrik * 31. 1.1965
 Johan Christoffel * 31. 7.1966
 Quintin Norval * 8.10.1970

7 Louis Theodore * 1.3.1946; x 7.11.1968
 Elizabeth Ferreira * 27.8.1949

Louis Theodore * 18.11.1977

h5 Hester Susanna * 14.6.1915; x 8.8.1942
 Johannes Jacobus Pieter Marais *
 8.9.1915



Marais, Hester en Alpha

Alpha * 19.5.1946 (aangenome dogter);
 x 28.7.1964 Tommie Kruger; xx 1970
 Hansie Erasmus; xxx Harry Claassen

Brenda Alpha	* 14. 2.1966
Wouter	* 12.10.1967
Werner	* 12.12.1968

h6 Frederik Coenraad * 7.11.1919; x
 24.12.1948 Mary Maud Wagenaar * 26.9.1927



Frikkie en Maud

- i1 Johannes Wepener * 3.11.1949, + 4.6.1950
- i2 Frederik Coenraad * 31.1.1952; x 19.4.1975
Johanna Ketelaar
- i3 Sidney * 5.4.1959



Frikkie en Hannie


- h7 Sarel Francois * 11.12.1921; x 27.12.1952
- Bertina Gertruida Kolver * 8.10.1918



Sarel en Gertie

- i1 Helene * 18.6.1958

h8 Johanna * 26.8.1923; x Christoffel Carolus Swart, seun van Christoffel Carolus Swart * 23.11.1895 en Johanna Etresia Joubert * 22.12.1896



Stoffel en Johanna

1 Hester Susanna * 6.12.1950; x 8.12.1973
Willem Adriaan Niemann * 15.5.1947

Janéne * 10.2.1976

2 Christoffel Carolus * 1.1.1952; x
9.12.1974 Alta Schutte * 15.8.1952

Christoffel Carolus * 24.3.1976

3 Frederik Coenraad * 7.7.1955

h9 Pieter Cornelius * 11.9.1925; x 4.11.1950
 Sarah Johanna Jansen van Rensburg *
 3.7.1932, dogter van Gert Hendrik Jansen
 van Rensburg * 7.12.1907 + 5.6.1972 en
 Elizabeth Jacoba Vermeulen * 16.9.1913 +
 19.3.1977

Pieter
 en
 Sarah



i1 Elizabeth * 14.8.1951; x 8.1.1972 Jan
 Venter * 26.5.1951

1 Daniel * 17.12.1973
 2 Annette * 29. 7.1977

i2 Frederik Coenraad * 30.8.1953; x
 16.2.1974 Johanna Furstenburg * 24.10.1955

j1 Raymond * 8.12.1975

i3 Hester * 21.10.1956; x Cornelius Gideon
 Fritz * 26.1.1956

1 Christoffel Cornelius * 1.3.1976

i4 Annette * 8.6.1959

i5 Gert Hendrik * 20.8.1961

i6 Pieter Cornelius * 16.9.1964

h10 Alida Elizabeth * 5.9.1927; x 6.12.1947
 Gotlieb Rudolph Bester Wagenaar *
 23.5.1923, seun van Jan Jacobus Wage-
 naar * 8.2.1881 en Elsje Maria Petro-
 nella Bester * 11.1.1900 + 20.12.1976



Roelf en Alie

- 1 Hester Susanna * 30.9.1948; x 15.10.1969
 John Greyson * 28.9.1947
 Johnnie * 2. 5.1970
 Riaan * 8. 2.1974
 Lida * 15.10.1976
- 2 Jan Jacobus * 11.8.1952; x Catherine
 Anne Steenkamp * 15.2.1956
 Jan Jacobus * 19.10.1973
- 3 Elsa * 15.2.1958; x 3.4.1976 Gerhardus
 van Wyk Lourens * 2.11.1953
- 4 Frederik Coenraad * 3.2.1961
- 5 Rudolph * 19.9.1963

h11 Gieliam Christoffel * 17.6.1929; x 7.4.1951
 Martha Magdalena Petronella Knowles *
 8.11.1929, dogter van Jan Louis Knowles¹ *
 13.10.1893 + 8.10.1962 en Gertruida Lewie-
 sa Johanna Vermeulen² * 10.9.1893 + 18.6.1967



Giel en Martha


i1 Frederik Coenraad * 30.10.1954; x 14.2.1976
 Linda Keulder * 23.6.1953, dogter van An-
 dries Jonathan Keulder * 29.4.1923 en
 Elaine Beatrix Burger * 15.2.1927



Frikkie en Linda

1 en 2, kyk volgende bladsy

i2 Jan Louis * 30.11.1956



-
- 1 Jan Knowles is op Welverdiend gebore en op Krugersdorp oorlede. Hy was die seun van Grant Knowles, geb. 11.1.1862 op Kingwilliams-town, getroud 8.7.1899 op Potchefstroom met Martha Johanna Maria Petronella Venter, geb. 16.1.1868, oorl. 24.11.1948. Grant se vader was 'n Ierse setlaar, William Thomas Knowles. Martha se ouers was Jan en Aletta Venter van Ventersdorp.
- 2 Gertruida was die dogter van Michael Johannes Vermeulen, geb. 10.4.1865, oorl. 1930, getroud met Anna Elizabeth Kloppers. Michael se ouers was Cornelius Francois Vermeulen, geb. 7.2.1847, oorl. 14.2.1902, getroud met Gertruida Lewiesa Johanna Uys, geb. 1849, oorl. 1921.

h12 Coenraad Jacobus * 26.5.1932; x 31.12.1955
 Anna Sonnekus * 3.2.1932



Coenie en Anna

Op haar negentigste verjaardag het Hester Susanna de Beer se nageslag bestaan uit 12 kinders waarvan een seun oorlede is, 32 kleinkinders, 48 agterkleinkinders en een agter-agterkleinkind.

Breedvoeriger inligting oor Frederik Coenraad de Beer se ouers en voorouers verskyn op die volgende bladsye.



f3 Mathys Johannes de Beer en sy vrou Anna Magdalena
(gebore Oosthuizen)

Frederik Coenraad de Beer van Witfontein se
ouers was -

MATHYS en ANNA DE BEER
van WITFONTEIN

Mathys Johannes de Beer, gebore 5.8.1848, het op Garsfontein by Pretoria grootgeword en is in 1873 met Anna Magdalena Oosthuizen, dogter van Pieter en Johanna Oosthuizen van Witfontein, getroud.

Thys en Annie het op Witfontein gewoon, waar hulle met koring, mielies, tabak, vrugte en groente geboer het. Soos die ander boere in die distrik, het Thys dikwels sy wa vol plaasprodukte gelaai en dit op die dorp gaan verkoop.

Uit die huwelik van Mathys en Anna is dertien kinders gebore, naamlik:

Johanna-Maria Catharina	* 22. 6.1874
Maria Adriana	* 24. 2.1876
Anna Magdalena	* 1.12.1877
Mathys Johannes	* 26. 7.1879
Pieter Cornelis	* 15. 5.1881
Magdalena Johanna ¹	* 7. 6.1883
<u>Frederik Coenraad</u>	* 10.11.1886
Gesiena Maria	* 21. 8.1889
Gilieam Christoffel	* 25. 9.1891
Catharina Elizabeth	* 14.10.1893
Johannes Willem ²	* 8.11.1896
Aletta Johanna	* 16. 3.1899
Jacobus Christiaan ³	* 2. 4.1901

1 Oorlede op driejarige leeftyd

2 Oorlede 24.12.1896

3 Oorlede in die konsentrasiekamp, Krugersdorp



Matthys Johannes



Maria Adriana

Mathys Johannes de Beer van Witfontein se
ouers was -

MATTHYS en MARIA DE BEER
van GARSFONTEIN

Matthys Johannes de Beer, gebore 11 Junie 1820, en sy vrou Maria Adriana het hulle omstreeks 1850 op Garsfontein gevestig. Maria was die dogter van Guillian Christoffel Vermeulen, wat op die aangrensende plaas, Hartebeestpoort, gaan woon het. Laasgenoemde se woonhuis, in die huidige Silverton, is tot nasionale gedenkwaardigheid geproklameer.

Matthys en Maria het twaalf kinders gehad, waarvan die oudste seun, volgens oorlewering in die familie, deur Swartes vermoor is toe hy na gesteelde vee gaan soek het. Die ander kinders uit hierdie huwelik was:

Gielliam Christoffel	* 17. 7.1846
<u>Mathys Johannes</u>	* 5. 8.1848
Jan Gabriel	* 2. 5.1850
Johanna Maria Catharina	
Maria Adriana	
Catharina Elizabeth	* 19.11.1856
Jacobus Coenraad	* 25. 2.1859
Hendrik Johannes	* 18. 1.1861
Aletta Johanna Maria	
Barend Petrus	* 24. 8.1864
Frederik Coenraad	* 15. 6.1866

Matthys is op 21 April 1879 en Maria op 21 Oktober 1901 oorlede. Albei is op Garsfontein begrawe.

Matthys Johannes de Beer van Garsfontein se
ouers was -

FREDERIK en JOHANNA DE BEER
die VOORTREKKERGESLAG

Frederik Coenraad, gedoop 20 Oktober 1792, was
met Johanna Catharina Sophia van den Berg ge-
troud.

Frederik was 'n veeboer, en hy en sy gesin het
hulle gedurende die tyd van die Groot Trek oor-
kant die grens van die Kaapkolonie in Transoran-
je bevind. Johanna is op 24 Desember 1842 „oor-
kant die grens" oorlede. Die sterfte is op 16
Maart 1843 op Colesberg aangemeld deur haar seun
Jacobus Coenraad de Beer¹. Daarna het Frederik
Natal toe getrek, en teen die einde van 1848 het
hy en sy swaer Guiliam Christoffel Vermeulen
verder na die Transvaal getrek. „Hulle pad het
gelei na die Apiesrivier waar daar al heelwat
Voortrekkers uitgespan en plase langs die ri-
vier uitgemeet het. Op die plaas Elandspoort,
ongeveer waar Burgerspark in Pretoria vandag
geleë is, is daar voorlopig laer getrek² ”.

Frederik en Johanna het sewe kinders gehad:

Frederik Matthys Jacobus	* 11. 8.1811
Jacobus Coenraad	* 26.10.1813
Barend Petrus	* 18. 3.1816
<u>Matthys Johannes</u>	* 11. 6.1820
Pieter Zacharias	
Johannes Nicolaas Ignatius	
Johanna Catharina Sophia	

1 MOOC 6/9/29:6066/42/4, Argief, Kaapstad

2 Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal, jaar-
gang 32, aflewering 2, April 1976, bl.2

Frederik Coenraad de Beer, die trekboer - en
ons Transvaalse stamvader - was die seun van

FREDERIK en MARIA DE BEER

van STELLENBOSCH

Frederik Coenraad, gedoop 15 Maart 1761, is op
1 Julie 1786 met Barend en Johanna van den
Berg se dogter Maria Magdalena getroud¹. Fre-
derik was 'n burger van Stellenbosch.

Uit die egverbintenis van Frederik en Maria
is ses seuns en drie dogters gebore:

Matthys Jacobus	gedoop	5.11.1788
Barend Petrus	"	2.11.1790
<u>Frederik Coenraad</u>	"	20.10.1792
Rudolph Adriaan	"	9. 2.1794
Maria Magdalena	"	6. 3.1796
Johanna Sophia	"	1. 7.1798
Johannes Nicolaas	"	29.12.1799
Samuel Zacharias	"	10. 2.1805
Johanna Sophia Aletta	"	18. 5.1806

¹ De Villiers, C.C. : Geslagsregister van Ou
Kaapse Families, bl. 36

Frederik Coenraad de Beer van Stellenbosch se
ouers was -

MATTHYS en MARIA DE BEER
van KAAPSTAD

Matthys, gedoop 8 Junie 1721, is op 3 September 1747 met Maria van Eeden getroud¹. Maria was die dogter van Frederik en Hendrina van Eeden, en die kleinkind van Jan van Eeden wat in 1662 as skeepskorporaal in die land gekom het².

Matthys en Maria het dertien kinders nagelaat:

Hilletje Magdalena	gedoop	1.10.1748
Hendrina Johanna	"	29. 3.1750
Maria Elisabeth	"	6. 8.1752
Maria Elizabeth	"	29. 8.1754
Matthys Johannes	"	1. 8.1756
Samuel Jacobus	"	18. 2.1759
<u>Frederik Coenraad</u>	"	15. 3.1761
Hermine Christina	"	27. 3.1763
Zacharias Joseph	"	14.10.1764
Gerhardus Petrus	"	17. 5.1767
Dina Johanna Adriana	"	17. 5.1767
Jan Dirkse Cornelis	"	9. 7.1769
Judith Petronella	"	20. 1.1771

-
- 1 De Villiers, C.C. : Geslagsregister van Ou Kaapse Families, bl. 36
2 Redelinghuis, J.H. : Die Afrikanerfamilie-naamboek

**Matthys de Beer van Kaapstad was die seun van
MATTHYS en HILLETJE DE BEER
ons STAMOUERS in S.A.**

Matthys Andries de Beer het hom omstreeks 1700 in die Kaap gevestig¹. Die blanke bevolking van die land het op dié tydstip uit Hollanders, Franse en Duitsers - altesame sowat tweeduisend in getal - bestaan².

Op 24 Oktober 1705 is Matthys met Hilletje Smit getroud. Sy was die dogter van Jan en Adriana Smit wat sedert 1687 in die Kaap gewoon het³.

Uit die huwelik van Matthys en Hilletje is nege kinders gebore⁴:


Helena	gedoop	1. 6.1710
Samuel	"	1.11.1711
Samuel	"	20. 5.1714
Maria Elizabeth	"	4.10.1716
Zacharias	"	5. 3.1719
<u>Matthys</u>	"	8. 6.1721
Johanna Adriana	"	6. 2.1724
Hilletje	"	29.12.1726
Johannes George	"	Junie 1729

1 Theal, G.M. : History of South Africa, vol. III. bl. 502

2 Bøeseken, A. : Sosiale Lewe in die Ou Kaap, bl. 53

3 Malherbe, D.F. du T. : Driehonderd Jaar Nasiebou, bl. XI

4 De Villiers, C.C. : Geslagsregister van Ou Kaapse Families, bl. 30



Die skip waarmee M.A. de Beer in Tafelbaai aangekom het ('n kunstenaarsvoorstelling)

Beknopte Register

Adendorff, Johan Christoffel	30
De Beer, Matthys en Hilletje (stamouers)	47
Matthys en Maria van Kaapstad	46
Frederik en Maria van Stellenbosch	45
Frederik en Johanna (Voortrekker geslag)	44
Matthys en Maria van Garsfontein	43
Mathys en Anna van Witfontein	41
Frederik en Hester van Witfontein	27
Frederik en Hester se kinders:	
Mathys Johannes	27
Elizabeth Catharina	28
Johannes Petrus Louis	29
Anna Magdalena	30
Hester Susanna	32
Frederik Coenraad	32
Sarel Francois	33
Johanna	34
Pieter Cornelius	35
Alida Elizabeth	36
Gielliam Christoffel	37
Coenraad Jacobus	39
Marais, Johannes Jacobus Pieter	32
Meyer, Heyns	28
Swart, Christoffel Carolus	34
Wagenaar, Gotlieb Rudolph Bester	36

Bronnelys

- Beseken, A. : Sosiale Lewe in die Ou Kaap (radiopraatjies in SAUK-publikasie Die Lewe in Ou Suider-Afrika), 1966
- De Villiers, C.C. : Geslagsregister van Ou Kaapse Families (hersien deur C. Pama), Balkema, Kaapstad, 1966
- Doopregisters : Staatsargief, Pretoria
- Malherbe, D.F. du T. : Driehonderd Jaar Nasie-bou, Tegniek, Stellenbosch, 1959
- Redelinghuys, J.H. : Die Afrikaner-Familie-naamboek, Publisitas, Kaapstad, 1954
- Sterfkennisgewings : Staatsargief, Kaapstad
- Theal, G.M. : History of South Africa, vol. III, Sonnenschein, Londen, 1908
- Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal, Jaargang 32, aflewering 2, April, 1976

GESLAGSREGISTER

vader:

moeder:

kinders: